## 29 Mei Daniël 2:47-3:30

### *Dit wat ons weet moet ons lewe beïnvloed*

Daar is baie dinge wat ons weet en sê, maar nie ons lewe beïnvloed nie. Nebukadneser se ondervinding met die uitleg van sy droom het die gevolg gehad dat hy gesê het: "Werklik, julle God is die grootste van al die gode, Hy heers oor die konings..." Nadat hy dit gesê het laat hy 'n beeld maak wat aanbid moet word. En ek? Dit wat ek Sondae met my mond sê, en dit wat ek leef, klop dit altyd? Waar lê die verskil tussen Nebukadneser se sê en Sadrag, Mesag en Abednego se sê? Nebukadneser praat van God as julle God. Sadrag, Mesag en Abednego praat van: "Ons het ons God vir wie ons dien". Hulle het hulle volledig oorgegee in sy hande, of Hy hulle red of nie. Daar was by die drie vriende nie 'n groter vrees vir God as vir die vuur nie, maar eerder 'n absolute vertroue in Hom. Hierdie vertroue in Hom het God self gewek.

Selfs al sou God hulle nie uit die vuur red nie, sal Hy steeds genadig wees. Niks kan ons immers skei van die Lewende Here nie. Dit het moontlik geword toe Iemand anders Homself baie jare later ook in God se hande gestel het: "Vader, as U wil, neem hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied". Jesus word egter nie uit die dood gered nie. Hy sterf sodat die drie vriende van Daniël, en ek, kan lewe omdat Hy uit die dood teruggekom het. Ons weet dit. Hoe beïnvloed dit jou lewenstyl?

Sing: Psalm 73:1, 10

Ds. P.C. van der Walt (Phalaborwa)